# Geklassifiseerd

☎: 041 503 6111 F: 041 503 6039

DIE BURGER

OLX
Waar kopers verkopers ontmoet
www.olx.co.za

## REGSKENNISGEWINGS & TENDERS

4000

### HOFBEVELE/ SEKWESTRASIES/ LIKWIDASIES

4005

### HOFBEVELE/ SEKWESTRASIES/ LIKWIDASIES

4005

**KENNISGEWING**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Oos-Kaapse Plaaslike Afdeling, Port Elizabeth)
In Port Elizabeth op Dinsdag 29 Julie 2014
Voor die Agbare Regter Brooks (WR)

Saaknr. 1741/2014

In die saak tussen:
DEKON CONSTRUCTION HOLDINGS (PTY) LTD
Applikant
en
NELSON MANDELABAAI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT
Eerste Respondent
DIE REGISTRATEUR VAN AKTES, KAAPSTAD
Tweede Respondent

Na aanhoor van advokaat Pask, regsverteenwoordiger vir die Applikant, en die lees van die ingediende stukke, WORD DIT GELAS:

1. Dat 'n bevel nisi uitgereik word wat alle belangstellende partye oproep om redes, indien enige, voor die bogemelde Agbare Hof aan te voer op 2 September 2014 om 09:30 of so spoedig moontlik daarna die regsverteenwoordiger aangehoor kan word, waarom 'n bevel met die volgende bepalings nie toegestaan moet word nie:

1.1 Dat die volgende beperkende voorwaardes geskrap word van die Sertifikaat van Gekonsolideerde Titelakte Nr. T17972/2010 ("die Titel-akte"), waardeur gehou word Erf 419 Newtonpark, in die Nelson Mandela Metropolitaanse Munisipaliteit, Afdeling Port Elizabeth, Provinsie Oos-Kaap; groot: 1606 (eenduisend seshonderd en ses) vierkante meter ("die Eiendom"), naamlik:

B. VERDER ONDERWORPE aan die volgende spesiale voorwaardes vervat in Transportaktenr. T224/1931, t.w.:

1. Die Maatskappy sal geen-sins verplig wees om enige strate of paaie wat die genoemde erf nader, te maak, in stand te hou, te herstel of in orde te hou nie, asook enige riole, duikslote of ander werke van welke aard ook al. Die bepalings van hierdie paragraaf geld ook vir die toegange van die genoemde erf, sowel as op elke gedeelte van die eiendom bekend as Fairview Estate.

3. Die Maatskappy behou hulself die reg ter eniger tyd hierna tot die vrye en ongehinderde deurgang van elektriese, telegrafiese of telefoondrade oor en bokant enige gedeelte van die genoemde erf, met die verdere reg om dit aan enige gebou te heg of oprig daarvan nie minder as 3,05 meter van die grond met vrye toegang tot die genoemde drade vir die doel van die verwydering of instandhouding daarvan.

4. Die Maatskappy behou hulself verder die reg om ter eniger tyd hierna pypwerk onder enige gedeelte van die strate op die genoemde gedeelte van die genoemde Fairview Estate of elders te lê en in stand te hou, en te alle tye toegang tot die pypwerk te hê vir verwydering, instandhouding, uitbreiding, of vir ander doeleindes, en ook verdere konstruksie en instandhouding van waterwerke-reservoirs en alle masjinerie wat benodig word vir die bewaring en verskaffing van bergingswater aan die verskillende dele van die genoemde landgoed, en om alle sodanige handelings en dinge te doen wat vereis word vir die gerief van die inwoners van die township ten opsigte van die voorsiening van water.

5. Die Maatskappy behou hulself die reg om die aard en waarde van die geboue wat op die genoemde erf opgerig sal word, te beheer, en die woning wat op die genoemde erf opgerig sal word, sal van 'n aansienlike karakter en van 'n minimum waarde van R1 000,00 (eenduisend rand) wees, tensy die Maatskappy andersins skriftelik toestem voor die oprig daarvan op die genoemde erf, tensy planne en spesifikasies vooraf by die Maatskappy ingedien en deur hulle goedgekeur is. Elke gebou wat opgerig word, sal onverwyld streng volgens sodanige goedgekeurde planne en spesifikasies voltooi word; en versuim om sodanige gebou binne 'n redelike tyd na aanvang van die bouwerk te voltooi, sal die Maatskappy die reg of opsie gee om óf die kooptransaksie te kanselleer en sodanige paaiemente te hou as wat reeds betaal is, óf andersins sodanige gedeelte van die gebou wat reeds opgerig is, op die onkoste van die koper af te breek en van die genoemde erf te verwyder.

7. Die genoemde erf sal nie onderverdeel word nie, en nie meer as een woning of gebou wat as 'n woning en sakeplek gebruik word, of een gebou wat as 'n sakeplek gebruik word, sal op die genoemde erf opgerig word sonder die goedkeuring van die genoemde Maatskappy nie.

1.2 Dat die Tweede Respondent gemagtig en opdrag gegee word om die nodige endossemente aan die genoemde titelakte aan te bring dat die voorwaardes sodanig geskrap is.

1.3 Dat daar geen bevel ten opsigte van koste is nie, behalwe indien enige persoon of persone hierdie aansoek teenstaan, die koste wat daardeur meegebring word deur sodanige persoon of persone gesamentlik en afsonderlik betaal sal word, betaling deur een die ander vry te stel.

2. Dat betekening van hierdie bevel soos volg sal geskied:

2.1 Deur een publikasie in elk van die koerante The Herald en Die Burger Oos-Kaap;

2.2 D.m.v. geregistreerde pos aan elk van die aangrensende grondeienaars van die eiendom;

2.3 Aan die Eerste Respondent deur aflewering daarvan op die wyse soos verwys na in Artikel 115(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 32 van 2000;

2.4 Aan die Tweede Respondent deur aflewering daarvan en verkryging van 'n kwitansie daarvoor; en

2.5 Aan die kantoor van die Premier van die Oos-Kaap p.a. die Staatsprokureur, deur aflewering daarvan en verkryging van 'n kwitansie daarvoor.

3. Dat 'n ware afskrif van hierdie aansoek en van hierdie bevel in die kantoor van die Applikant se prokureurs, Rushmere Noach Geïnk., Ascot Kantoorpark 5, Conynghamweg, Greenacres, Port Elizabeth ter insae sal lê vanaf datum van uitreiking van hierdie aansoek.

4. Dat sou enige belangstellende party hierdie aansoek wil teenstaan, hy/sy/hulle so moet doen op 'n beëdigde verklaring wat by die Griffier van hierdie Agbare Hof ingedien is en voor die keerdatum aan die bogemelde Applikant se prokureurs gelewer is.

OP LAS VAN DIE HOF, Griffier

Rushmere Noach
ATTORNEYS
RUSHMERE NOACH GEÏNK.

297131(508) 22/8(4005)

---

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN HUMANSDORP
GEHOU IN HUMANSDORP

Saaknr. 522/14

In die saak tussen:
GRAND SELECT FOUR (EDMS) BPK
Eiser
en
FRESH PRIDE (EDMS) BPK
1ste Verweerder
LUNGISILE ERNEST SUKULA
2de Verweerder

## GEREGTELIKE VEILING

Ter uitvoerlegging van 'n vonnis toegestaan deur die bogenoemde Agbare Hof op 22 April 2014 in bogenoemde saak, sal 'n geregtelike verkoping deur die Balju, Humansdorp op Vrydag, 5 September 2014 om 10:30 by die Balju Humansdorp by Saffreystraat, Saffrey-Sentrum, Kantoornr. 6, Humansdorp gehou word aan die persoon wat die hoogste aanbod maak van die ondergenoemde eiendom.

Beskrywing:
1 x Wit Kia Lorrie (CYS403EC)

Gedagteken in Humansdorp op hierdie 18de dag van Augustus 2014.

**STEYN & ELLIS PROKUREURS**
Prokureur vir Eiser
Bureaustraat 26/Posbus 401
HUMANSDORP
6300
Tel. 042 940 0092
Faks 087 809 5552
E-pos: collect@steynellis.co.za
Verw. PJS Ellis/Thea/G07312
302607(181) 22/8(181)

*X1P46FEM-220814-OS-ckyste-GRAND*

---

**Transnet**
**National Ports Authority**

TRANSNET
delivering freight reliably

**TRANSNET SOC LTD, ACTING THROUGH ITS OPERATING DIVISION TRANSNET NATIONAL PORTS AUTHORITY**

REGISTRATION NO. 1990/000900/30)

**INVITATION TO PUBLIC TO SUBMIT COMMENTS ON FRESH PRODUCE TERMINAL PORT LEASING (PTY) LTD.'s APPLICATION FOR THE AMENDMENT OF THEIR BREAK BULK TERMINAL OPERATOR LICENCE NO TOL/PE/03 AND THE CONSEQUENTIAL AMENDMENT OF THEIR EXISTING LEASE AGREEMENT WITH THE TRANSNET NATIONAL PORTS AUTHORITY**

Transnet National Ports Authority has received an application from **Fresh Produce Terminal Port Leasing (Pty) Ltd** to amend their Break Bulk Terminal Operator Licence. This application if amended shall have the effect of converting their existing Break Bulk Licence to a Multi-Purpose Licence and consequently require the amendment of their existing lease agreement affording them the right to handle other cargo in addition to the perishable cargo they are currently entitled to handle.

The purpose of this notice is to invite the public, interested and affected parties, to submit comments and register their objections. These comments and objections will be considered by the Transnet National Ports Authority in making a determination as to whether FPT application should either be approved or rejected.

Comments and /or objections should be submitted in writing by no later than 12:00 on 25 September 2014 for the attention of the Port Manager for the Port of Port Elizabeth (Tel: 041 507 1710 or 507 1762), either:

- By hand, to Port Administration Building, Green Street, Port Elizabeth
- By fax, to 041 507 1966
- By email to Nandipha.Dyubele@transnet.net and or Justin.Uren@transnet.net

Transnet National Ports Authority may invite the parties who make comments or lodge objections to make oral presentations in support of their objections. Please note that any comments or objections received after the closing date will be disregarded.

---

## PUBLIC AUCTION / PUBLIEKE VEILING

Implemente en Huishoudelike Goedere

**10:00 Saturday 30 August 2014**
**Die Veilingstasie, Hermitage, Addo**

Liasseerkabinette
Staalkaste
Sideboard
Outydse Naaismasjien
Singer Naasmasjien
Houtstoele
Kombuisware
Potte en Panne
Kombuiskaste
Spieëlkas
Koperware
Laaikaste
Ou Videokameras en Projektors
Gereedskap
Elektriese ware
Ou Gasverwarmer
Sementmenger
Wasmasjiene
Tuimeldroeër
Gasstoof
Ou Hangkaste
Sitkamerstel

Stainless Steel Counter Fridge
Biltongdroeër
Home Gym
Bain Marie
3-punt Aapstert
4-tol Dromsnyer
9 Kratkarre
1-tand Ripper
Kontoerskraper
2-skaar Ploeg
Sekelsnyer
1,5m Bossiekapper
Damskrop
New Holland Lusernsnyer
Tiller met Roller
Nissan Bakkie
Conti 50cc Quadbike
Swembadfilter
Suzuki 4x4
Isuzu bakkie met 5de wiel
Quad Bike
2,5-ton Sleepwa
Kampeersleepwa





**EVERBOND**
**Auctioneering & Sales**
**Enquiries/Auctioneer: Johan Ebersohn**
**Cell 082 490 7939**
**E-mail: everbond@telkomsa.net**

**CONDITIONS OF SALE**
**Cash only or EFT on day of auction**
**Offer subject to change**
**10% Buyer's commission will apply**
**Terms & Conditions available at auctioneer**

*X1P43N6D-220814-OS-ckyste-pub*

---

ANIMAL WELFARE SOCIETY PE
FOUNDED 1971
TEL. 041 366 1660
*123456-110913-OS-tvaunc-wel2*

eksklusief aanlyn by
OLX
Waar kopers en verkopers mekaar ontmoet
www.olx.co.za

---

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(OOSKAAPSE PLAASLIKE AFDELING,
PORT ELIZABETH)

SAAKNR. 1340/2014

In die saak tussen:
NEDBANK BEPERK
Eiser
en
CALVIN JOHN VAN WYK
Verweerder

### KENNISGEWING VAN VERKOPING IN EKSEKUSIE VAN VASTE EIENDOM

Na aanleiding van 'n vonnis van die bogenoemde Hof wat gegee is op 1 Julie 2014 en van die beslaglegging in eksekusie van die ondervermelde eiendom, sal die eiendom van die Veweerder by die Balju se Verkoopskamers, te 2 Cotton Housegebou, Hkv Albanyweg en Govan Mbekirylaan, Port Elizabeth, by wyse van 'n openbare veiling verkoop word op Vrydag 29 Augustus 2014 om 14h00.

Erf 3522 Fairview, groot 359 (Drie Honderd en Nege en Vyftig) vierkante meter, geleë te Redbudstraat No. 80, Overbaakens, Port Elizabeth.

Terwyl die besonderhede hierna aangedui nie gewaarborg word nie, blyk dit dat die eiendom 'n woning bestaande uit baksteen onder 'n geteelde dak is, wat 3 slaapkamers, 2 badkamers, 'n kombuis en 'n woonkamer het.

Die Verkoopsvoorwaardes sal voor die verkoping uitgelees word en kan geinspekteer word te die kantoor van die Balju, by bogemelde address. Verdere besonderhede kan bekom word van die kantore van die Eiser se Prokureurs te Kaapweg 4, Sentraal, Port Elizabeth, Telefoon 041 – 506 3700, verwysing Mev K van der Watt.

Terme : 10% deposito en die Balju se kommissie van 6% op die verkoopprys is betaalbaar by ondertekening van verkoopvoorwaardes deur die koper. Die kommissie is bereken as 6% op die koopprys tot 'n maksimum van R30 000,00 en daarna teen 3,5% op die balans tot 'n maksimum van R9 655.00, onderhewig aan 'n minimum van R485.00. Die balans van die koopprys moet teen registrasie van transport betaal word, en moet versekureer word deur voorsiening van 'n bankwaarborg onderhewig aan goedkeuring van die Eiser se Prokureurs, wat binne veertien (14) dae van die datum van verkoping verskaf moet word. GEDATEER te PORT ELIZABETH hierdie 24ste dag van JULIE 2014.

**BLC PROKUREURS**
Eiser se Prokureurs
Kaapweg 4
PORT ELIZABETH
Tel: 041 – 506 3700
Faks: 087 941 7361
Epos: kvanderwatt@blclaw.co.za
(Mnr LT Scheoman/KvdW/I35609
262281 (228892) 22/8

*X1P44LXR-220814-OS-ckjkle-NEDBANK*

---

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(OOSKAAPSE PLAASLIKE AFDELING,
PORT ELIZABETH)

SAAKNR. 744/2014

In die saak tussen:
NEDBANK BEPERK
Eiser
en
MICHAEL LWANA
Eerste Verweerder
NOZUKO GLORIA LWANA
Tweede Verweerder

### KENNISGEWING VAN VERKOPING IN EKSEKUSIE VAN VASTE EIENDOM

Na aanleiding van 'n vonnis van die bogenoemde Hof wat gegee is op 24 Junie 2014 en van die beslaglegging in eksekusie van die ondervermelde eiendom, sal die eiendom van die Veweerder by die Balju se Verkoopskamers, te Danellyngebou, Thealestraat 12, Noordeinde, Port Elizabeth, by wyse van 'n openbare veiling verkoop word op Vrydag 29 Augustus 2014 om 12h00.

Erf 12263 Motherwell, groot 216 (Twee Honderd en Sestien) vierkante meter, geleë te Mtendwestraat 74, Motherwell NU6, Port Elizabeth.

Terwyl die besonderhede hierna aangedui nie gewaarborg word nie, blyk dit dat die eiendom 'n woning bestaande uit baksteen is, onder 'n geteelde dak, bestaande uit 2 slaapkamers, 'n sitkamer, badkamer en 'n kombuis.

Die Verkoopsvoorwaardes sal voor die verkoping uitgelees word en kan geinspekteer word te die kantoor van die Balju, by bogemelde address. Verdere besonderhede kan bekom word van die kantore van die Eiser se Prokureurs te Kaapweg 4, Sentraal, Port Elizabeth, Telefoon 041 – 506 3700, verwysing Mev K van der Watt.

Terme : 10% deposito en die Balju se kommissie van 6% op die verkoopprys is betaalbaar by ondertekening van verkoopvoorwaardes deur die koper. Die kommissie is bereken as 6% op die koopprys tot 'n maksimum van R30 000,00 en daarna teen 3,5% op die balans tot 'n maksimum van R9 655.00, onderhewig aan 'n minimum van R485.00. Die balans van die koopprys moet teen registrasie van transport betaal word, en moet versekureer word deur voorsiening van 'n bankwaarborg onderhewig aan goedkeuring van die Eiser se Prokureurs, wat binne veertien (14) dae van die datum van verkoping verskaf moet word. GEDATEER te PORT ELIZABETH hierdie 24ste dag van JULIE 2014.

**BLC PROKUREURS**
Eiser se Prokureurs
Kaapweg 4
PORT ELIZABETH
Tel: 041 – 506 3700
Faks: 087 941 7361
Epos: kvanderwatt@blclaw.co.za
(Mnr LT Scheoman/KvdW/I35588
262281 (228891) 22/8

*X1P44RHM-220814-OS-ckyste-nedbank*

---

## KENNISGEWING VAN OMGEWINGSIMPAKSTUDIE *PROSES*

VOORGESTELDE WALMER GQEBERA BEHUISINGSONTWIKKELING - Erf 11305

Kennis geskied hiermee van 'n Omgewingsimpakstudie en verwante Openbare Deelnameproses kragtens Artikel 54 2(c) van die OIS-regulasies gepubliseer in Staatskoerant Nr. R543 onder Artikel 24(5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet nr. 107 van 1998), en dat 'n aansoek by die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewingsake en Toerisme ingedien is vir die voorgestelde ontwikkeling van Erf 11305 Walmer binne die Nelson Mandela Metropolitaanse Munisipaliteit, Oos-Kaap.

**Voorgestelde aktiwiteit:**
Die hoofaktiwiteit rakende die voorgestelde projek is gelys onder GN R.545 Item 15.

**Beskrywing:**
NMBM beplan die konstruksie van laekoste-behuising en verwante geriewe en infrastruktuur op Erf 11305 Walmer om voorsiening te maak vir die oorvloei van inwoners wat tans in informele nedersettings in die Walmer Gqebera gebied woon. Ongeveer 1400 wonings word in die vooruitsig gestel, onderworpe aan omgewings- en ander beperkings. Die ontwikkeling sal met bestaande grootmaat-dienste-infrastruktuur verbind word.

**Voorsteller:**
Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit (NMBM)

**Konsultant:**
SRK Consulting, Posbus 21842, Port Elizabeth, 6000
Faks 041 509 4850
E-pos: wmarais@srk.co.za

Indien jy inligting oor die voorgestelde projek wil ontvang of kommentaar daarop wil lewer, registreer asb. as 'n belangstellende en geaffekteerde party deur 'n faks, geskrewe brief of e-pos aan Wanda Marais van SRK Consulting te stuur.

Datum van advertensie: 22 Augustus 2014

srk consulting 1974 40 2014

302244(X1P44N15) 22/8

*X1P44N15-220814-OS-ckjkle-NOTICE*

---

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK JOUBERTINA

Saaknr. 44/14

In die saak tussen:
ALBERT MARIUS MATTHEUS
h/a DNA AUTO
Eksekusieskuldeiser
en
CHRISTIAAN MORDAN ROOI
Eksekusieskuldenaar

## GEREGTELIKE VEILING

Neem asseblief kennis dat ingevolge 'n vonnis toegestaan op 14 Augustus 2014 in die Landdroshof, Joubertina en 'n Lasbrief vir Eksekusie uitgereik daarna die ondergenoemde goedere op Woensdag, 10 September 2014, om 13:00 by die Balju-kantore in Kerkstraat 2, Joubertina, geregtelik aan die hoogste bieder verkoop sal word, bestaande uit:

1 x 2002 Corsa 1.4 Sedan

Gedagteken in Joubertina op 18 Augustus 2014.

**GERHARD MATTHEUS**
**Eksekusiekrediteur se Prokureur**
C.W. MALAN JOUBERTINA INGELYF
Olivierstraat 8
Posbus 5
JOUBERTINA
6410
Tel. 042 273 1300
Faks 042 273 2444
Verw. ao/LX500031
306229(X1P3P84W) 22/8

*X1P3P84W-220814-OS-ebjkle-albert*

---

**BUFFALOSTAD METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT**

BUFFALO CITY
METROPOLITAN MUNICIPALITY

**ONDERVERDELING EN HERSONERING: GEDEELTE 24 VAN PLAAS 1074: KIDD'S BEACH: OOS-LONDEN**

Die Raad het 'n aansoek ontvang kragtens Artikels 17(2)(a) en Artikel 24(2)(a) van die Ordinansie op Grondgebruikbeplanning Nr. 15 van 1985 vir die Onderverdeling en Hersonering van Gedeelte 24 van Plaas 1074, Kidd's Beach, Oos-Londen. ***(9956)***

Besonderhede van bogemelde voorstelle lê ter insae by die navraetoonbank van die Stadsbeplanningstak, Eerste Verdieping, Stadsingeneursentrum, Oxfordstraat 26, op weeksdae van 08:00 tot 13:00. Enige persone wat nie kan skryf nie, mag gedurende kantoorure by hierdie kantoor hulp ontvang om hul aanmerkings of voorstelle af te skryf. Skriftelike besware teen die voorstel moet **voor of op 11 September 2014** by die **Waarnemende Direkteur: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling,** Posbus 81, Oos-Londen ingedien word.

**A. Fani** Stadsbestuurder 5731

---

nelson mandela bay
MUNICIPALITY

20 YEARS OF FREEDOM

## MENSLIKE NEDERSETTINGS

### DIVERSE AANSOEKE

**PORT ELIZABETH**

**RAAD SE SPESIALE TOESTEMMING (ST 215/2014) : ERF 2515, SOMERSTRAND (PERCY OWENSTRAAT 1)** *(CF23/02515) (LM)*

Die Raad het 'n aansoek om sy Spesiale Toestemming ontvang vir 'n Spesiale gebruik dat Erf 2515, Somerstrand vir studente-akkommodasie gebruik mag word.

**RAAD SE SPESIALE TOESTEMMING (ST 216/2014) : ERF 3230, SOMERSTRAND (ALASHANRYLAAN 14)** *(CF23/03230) (LM)*

Die Raad het 'n aansoek om sy Spesiale Toestemming ontvang vir 'n spesiale gebruik dat Erf 3230, Somerstrand vir studente-akkommodasie gebruik mag word.

**ONDERVERDELINGSAANSOEK 7310 : ERWE 45404, 45405 EN 45407, IBHAYI (TUBALISTRAAT, KWAZAKHELE)** *(CF41/45404) (PKM)*

Die Raad het 'n aansoek ontvang om die onderverdeling van Erwe 45404, 45405 en 45407, Ibhayi in ses Woondoeleindes 1-gedeeltes, met 'n gemiddelde grootte van 121 $m^2$ elk, soos getoon op Plan Nr. Por_5003/7.1.

(1) **ONDERVERDELINGSAANSOEK 7339 : ERF 125, SWARTKOPS EN GEDEELTE VAN ERF 421, NEW BRIGHTON**
(2) **DORPSAANLEGWYSIGING 8679 : HERSONERING VAN ERF 125, SWARTKOPS EN GEDEELTE VAN ERF 421, NEW BRIGHTON (MAHAMBEHLALASTRAAT, KWAZAKHELE)** *(CF16/00421) (PKM)*

Die Raad is voornemens om Erf 125, Swartkops en 'n gedeelte van Erf 421, New Brighton te onderverdeel, soos getoon op Plan Nr. B-LD-209J.

Die Raad is voorts voornemens om die Port Elizabethse Soneringskema (DAW 8679) te wysig deur die hersonering van Erf 125, Swartkops en 'n gedeelte van Erf 421, New Brighton van Onbepaalde doeleindes tot Woondoeleindes 1, Gemeenskapsdoeleindes 1, Besigheidsdoeleindes 1, Dienste en Oopruimte- en Straatdoeleindes, soos getoon op Plan Nr. B-LD-209J.

**DORPSAANLEGWYSIGING 8701 : HERSONERING VAN ERF 756, WALMER (HOOFWEG 203)** *(CF32/00756) (SN)*

Die Raad het 'n aansoek ontvang om die wysiging van die Port Elizabethse Soneringskema deur die hersonering van Erf 756, Walmer van Woondoeleindes 1 tot Besigheidsdoeleindes 2 sodat die eiendom vir 'n teël- en sanitêreware-vertoonlokaal gebruik mag word.

Besonderhede van bogemelde voorstelle lê gedurende gewone kantoorure ter insae by die kantore van die Direktoraat: Menslike Nedersettings, tweede verdieping, Lillian Diedericksgebou (voorheen Brister House), Govan Mbekilaan, Port Elizabeth. Skriftelike besware teen die voorstelle moet voor of op 15 September 2014 by die Uitvoerende Direkteur : Menslike Nedersettings, Posbus 9, Port Elizabeth 6000 ingedien word.

**UITENHAGE**

**RAAD SE SPESIALE TOESTEMMING (ST 214/2014) : ERF 1048, UITENHAGE (STOWWEG 12)** *(CF45/01048) (PC)*

Die Raad het 'n aansoek om sy Spesiale Toestemming ontvang dat Erf 1048, Uitenhage as 'n basis- akademiese sentrum gebruik mag word.

Besonderhede van bogemelde voorstelle lê gedurende gewone kantoorure ter insae by die kantore van die Direktoraat : Menslike Nedersettings, Cuylerstraat 76, Uitenhage. Skriftelike besware teen die voorstelle moet voor of op 15 September 2014 by die Uitvoerende Direkteur : Menslike Nedersettings, Posbus 9, Port Elizabeth 6000 ingedien word.

*Verw. 179*

### OPHEFFING VAN BEPERKINGS

**PORT ELIZABETH**

Kennis word gegee kragtens Artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) dat onderstaande aansoeke ontvang is en ter insae lê by kamer 4178, vierde verdieping, Kantoor vir Behuising en Plaaslike Regering : Oos-Kaap, Tyamzashe-gebou, Civic Square, Bhisho en by die kantore van die Nelson Mandelabaai Munisipaliteit, tweede verdieping, Lillian Diedericks-gebou, Govan Mbekilaan, Port Elizabeth. Enige besware, volledig gemotiveer, moet nie later nie as 15 September 2014 [vir Aansoeke Nrs. (1) en (2)] en 22 September 2014 [vir Aansoek Nr. (3)] skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Posbus 116, Port Elizabeth 6000 ingedien word, met vermelding van bogenoemde wet en die beswaarmaker se erfnommer.

(1) **ERF 257, FRAMESBY (29 KRAGGA KAMMA WEG)** *(CF07/00257) (LM) (Verw. 173)*

**Aansoeker:** R Botha
**Aard van aansoek:** Die opheffing van die titelvoorwaardes van toepassing op Erf 257, Framesby ten einde 'n spesiale gebruik op die eiendom toe te laat om 'n haar- en skoonheidsalon te bedryf.

(2) **ERF 838, SUMMERSTRAND (11 KEISKAMMA STREET)** *(CF23/00838) (LM) (Verw. 174)*

**Aansoeker:** VA Comley
**Aard van aansoek:** Die opheffing van die titelvoorwaardes van toepassing op Erf 838, Somerstrand ten einde die aanbouings aan die bestaande woonhuis toe te laat en 'n goedgekeurde bouplan te wettig.

(3) **ERF 251, MANGOLDPARK (MADELAINESTRAAT 15)** *(CF37/00251) (LM) (Verw. 182)*

**Aansoeker:** JP Campher, namens M Trumpeter
**Aard van aansoek:** Die opheffing van die titelvoorwaardes van toepassing op Erf 251, Mangoldpark

**DESPATCH**

Kennis word gegee kragtens Artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) dat onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by kamer 4178, vierde verdieping, Kantoor vir Behuising en Plaaslike Regering : Oos-Kaap, Tyamzashe-gebou, Civic Square, Bhisho en by die kantoor van die Nelson Mandelabaai Munisipaliteit, Cuylerstraat 76, Uitenhage. Enige besware, volledig gemotiveer, moet nie later nie as 15 September 2014 skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Posbus 116, Port Elizabeth 6000 ingedien word, met vermelding van bogenoemde wet en die beswaarmaker se erfnommer.

(1) **ERWE 1502, 1504 EN 4692, DESPATCH (HOOFSTRAAT 2)** *(CF47/01502) (PC) (Verw. 175)*

**Aansoeker:** M De Vrye
**Aard van aansoek:** Die opheffing van die titelvoorwaardes van toepassing op die restant van Erwe 1502 en 1504 en Erf 4692, Despatch.

*Pos 02130135 – 22 Augustus 2014*

***Onder die hand van die Stadsbestuurder, mnr. Mpilo Mbambisa***

**SAAM BEWEEG ONS SUID-AFRIKA VORENTOE!**

BUZZ PROJECTS 1842